NW 9

NATUURWETENSKAP GRAAD 9: Week 8 tot 12 Junie

DINSDAG

Leer asb jou elmente en hul simbole op pxvii. Leer no 1 tot 20 en ook 24 tot 30, 35,47,50, 53,78 tot 80 en 82. Jy hoef nie die atoomgetal te ken nie. Jy moet die simbool kan neer skryf. LET WEL, Die eerste letter is altyd ‘n hoofletter en die tweede een ‘n kleinletter. Jy gaan oor 2 weke hieroor toets skryf.

DONDERDAG

Ons gaan nou weer voor begin op p 82. Die vierde kwartaal se werk in jou handbook gaan ons nie doen nie. Ons het nou meer tyd om hierdie belangrike werk deeglik te doen.

Materie: Alles wat massa besit en ruimte beslaan

Stowwe word geklassifiseer volgens baie dinge: Ons gaan nou kyk hoe ons hulle kan in klasse plaas volgens hulle samestelling.

Elemente: die boustene van materie en kan nie in eenvoudiger stowwe afgebreek word nie. So Koper bly Koper

Verbindings: Dit bestaan uit elemente wat in vaste verhoudings CHEMIES met mekaar bind. Dit kan in eenvoudiger stowwe afgebreek word. Daar moet egter energie toegevoeg word.

Mengsels: ‘n Kombinasie van twee of meer stowwe (verbindings en elemente). Elke stof behou sy eie kenmerke. Dink aan sout en peper wat jy ,meng. Jy kan die sout en peper sien end it afsonderlik proe.

Al die elemente is gelys op die periodieke tabel. In die natuur kom elemente selde op hul eie voor. Hulle vorm verbindings. Daar is drie groep: metale heel links, halfmetale (metalloiede) en nie-metale.

Huiswerk op p 83. Kyk na die hersiening en leer dit sommer